RENOSTER REEKS – DEEL 3 (Benutting)

Wildveilings is die meganisme wat pryse bepaal van wildsoorte in Suid-Afrika. Dit weerspieël die vraag en aanbod en word hoofsaaklik bepaal deur die skaarsheid van diersoorte en die aanvraag deur jagters. Die eerste wildveiling in Suid-Afrika het op 7 Mei 1975 in die Hoedspruitdistrik plaas gevind. Op hierdie veiling was 128 diere verkoop vir ‘n totale waarde van R20 362. Gedurende 1986 is die eerste witrenosters deur die destydse Natalse Parkeraad op ‘n veiling in Suid-Afrika aangebied en het diere net meer as R10 000 per dier behaal. **Tabel 1** gee die prys veranderinge, die getalle met die persentasie van die renosterbevolking wat op veilings aangebied en die omsette wat behaal is. Die hoogste getal witrenosters wat per jaar op wildveilings verkoop was, is 255 diere gedurende 2001. Die afgelope 20 jaar was ‘n totaal van 2793 witrenosters verkoop met ‘n omset van R408 977 850 op alle wildveilings in Suid-Afrika.

Die belangrike rol van die witrenoster op veilings speel word gestaaf dat hulle slegs 0.94% van alle diere op veilings was, maar 28% van die totale omset uitgemaak het. Die rekordprys vir ‘n witrenoster was R720 000.

Die gemiddelde veilingpryse van witrenosters vir die periode 1990 - 2009 word in **Figuur 1** aangetoon. Die politieke onsekerheid vanaf 1990 – 1996 het die renosterpryse konstant gehou. Vanaf 1997 – 2002 het ‘n styging in pryse voorgekom weens die verswakking van die rand teenoor die Amerikaanse doller. Die periode van 2003 – 2005 het die prys gedaal waarskynlik weens versadiging in die trofeejagters mark. Hierna het ‘n styging in die pryse plaas gevind weens die medisinale jagters wat tot die mark toegetree het.

Tabel 1 wys ook dat tussen 1 – 2% per jaar van Suid-Afrika se renoster bevolking op wildveilings verkoop word. Hierdie syfer is volhoubaar as die bevolking tussen 5 – 6% per jaar aanwas. Die inkomste van die verkope van surplus witrenosters deur die staat aan die privaatsektor maak ‘n groot bydrae tot bewaring uit, as ‘n vorm van volhoubare benutting. Die verkope van surplus witrenosters deur die staat vir die periode 2005 - 2008 word in **Tabel 2** aangegee. ‘n Totaal van 581 diere is vir R 98 384 352 verkoop. Die verkope van witrenosters deur die privaatsektor vir dieselfde periode was 240 diere met ‘n omset van R 45 459 088 en die inligting word in **Tabel 3** gegee. Bogenoemde statistieke wys daarop dat die renoster bedryf op ‘n gesonde grondslag gebou is.

Die vraag word gevolglik gevra wat word van hierdie surplus renosters? Die renoster-mark word gedryf deur die verkope van surplus renosters op openbare veilings waar die prys bepaal word deur trofeejagters. Dit stimuleer weer nuwe grondeienaars om in die wildbedryf te belê. Eerstens tree jaarliks nuwe eienaars na vore soos byvoorbeeld 318 plase in 2005 na 395 plase in 2008. Tweedens word volwasse bulle meestal gejag en derdens word surplus jong diere uitgevoer na dieretuine. **Tabel 4** toon aan dat ongeveer tussen 0.5 – 1% van die totale bevolking jaarliks gejag word. Hierdie syfers oor die langtermyn benutting van witrenosters deur die privaatsektor toon aan dat die bestuur van die diere op ‘n gesonde grondslag plaas gevind het soos die bevolkingsgroei bewys.

Written by Dr Kobus du Toit, as published in the Landbou Weekblad Magazine.

Die publiek is egter bekommerd oor die wildstropers wat onder die renosters in Suid-Afrika maai. As vrektes as gevolg van onwettige jag so toeneem hoe kan dit regverdig word dat jag volgehou moet word. Wat gaan die implikasies vir bewaring wees as hulle R25 miljoen per jaar verloor deur die verkoop van surplus diere? As die jag van renosters verbied word om renosters te beskerm watter kragte gaan renosters bewaar in die privaat sektor? Is daar oplossings om die probleme hok te slaan en hoekom het dit so hande uit geruk? Die renoster is tans op die mespunt van sy bewaringsstatus. Dit is nie net wilddiewe wat sy oorlewing bedreig nie, maar inteling is ook ‘n baie groot langtermyn probleem aangesien die bevolking uit ongeveer 150 diere ontstaan het.

Die vierde artikel in die reeks sal meer verduidelik hoe die jagbedryf misbruik is deur handelaars om horing wettig te bekom. Die vyfde artikel van die reeks sal oplossings aan die hand doen om renosters beter te bewaar. Baie positiewe verwikkelinge wat sedert dien gebeur het, sal in hierdie artikel meer breedvoerig uitgelig word hoe renosters beter beskerm word. Dit is tans die tyd wat alle Suid-Afrikaners moet kragte saamsnoer om ons natuur erfenis te red en te vergeet van ons eie politieke agendas. Ons moet besluit of ons eendag die renoster op die R10 noot vir ons kleinkinders wil nalaat.

Tabel 1: Gemiddelde veilingpryse en getal witrenosters aangebied op wildveilings in Suid-Afrika.

JAAR	GEMIDDELDE PRYS (ZAR)	PRYS (ZAR)	TOTAAL VERKOOP	BEVOLKING GROOTTE	% BEVOLKING OPGEVEIL	OMSET (ZAR)
	Direkte verkope Natal					
1979	R 800					
1982	R 1,100			3389		
1983	R 2,300			3612		
1984	R 3,500			3850		
1985	R 4,300			4103		
1986	R 4,000	R 10,167	6	4373	0.14	R 61,002
1987	R 5,500	R 14,780	10	4661	0.21	R 147,800
1988	R 10,000	R 34,714	14	4967	0.28	R 485,996
1989	R 25,000	R 48,732	41	5294	0.77	R 1,998,012
1990	Staak direkte verkope	R 48,524	42	5642	0.74	R 2,038,008
1991		R 44,188	32	6013	0.53	R 1,414,016
1992		R 29,230	64	6409	0.99	R 1,870,720
1993		R 28,350	56	6830	0.82	R 1,587,600
1994		R 32,770	30	7279	0.42	R 983,100
1995		R 40,667	70	7758	0.9	R 2,846,690
1996		R 44,491	161	8268	1.95	R 7,163,051
1997		R 69,333	88	8812	0.99	R 6,101,304
1998		R 98,813	110	9392	1.17	R 10,869,430
1999		R 127,130	104	10010	1.04	R 13,221,520
2000		R 176,801	178	10668	1.67	R 31,470,578
2001		R 169,300	255	11370	2.24	R 43,171,500
2002		R 192,383	123	12118	1.02	R 23,663,109
2003		R 148,133	235	12915	1.82	R 34,811,255
2004		R 128,130	120	13764	0.87	R 15,375,600
2005		R 95,281	137	14669	0.93	R 13,053,497
2006		R 140,000	228	15634	1.46	R 31,920,000
2007		R 221,230	221	16662	1.33	R 48,891,830
2008		R 274,712	235	17758	1.32	R 64,557,320
2009		R 220,064	233	18926	1.23	R51,274,912
TOTAAL			**2793**			**R406,977,850**

Table 2: Getal witrenosters wat deur die staat aan die privaatsektor verkoop is (2005 -2008)

JAAR	SAN PARKE		KWAZULU NATAL		NOORDWES PROVINSIE	
	Aantal Diere	Totaal (ZAR)	Aantal Diere	Totaal (ZAR)	Aantal Diere	Totaal (ZAR)
2005	59	R 5 985 432	50	R 5 095 350	8	R 784 000
2006	96	R 11 392 800	33	R 4 405 005	39	R 5 167 500
2007	81	R 15 481 297	24	R 4 420 008	20	R 2 960 000
2008	96	R 23 304 960	32	R 6 268 000	43	R 13 120 000
TOTAAL	**332**	**R 56 164 489**	**139**	**R 20 188 363**	**110**	**R 22 031 500**

Tabel 3: Wit renosters verkoop op privaat wildveilings in Suid-Afrika (2005 - 2008)

JAAR	AANTAL	GEMIDDELDE PRYS (ZAR)	TOTAAL (ZAR)
2005	20	R 95 281	R 1 905 620
2006	60	R 128 897	R 7 733 820
2007	96	R 221 230	R 21 238 080
2008	64	R 274 712	R 17 581 568
TOTAAL	**240**		**R 48 459 088**

Tabel 4: Getal witrenosters gejag as persentasie van die totale bevolking van Suid-Afrika (1972 – 2008).

JAAR	BEREKENDE GETAL RENOSTERS	SENSUS TOTAAL	AANTAL GEJAG	PERSENTASIE BEVOLKING GEJAG
1972	1 793		40	2.2
1973	1 910		1	0.05
1974	2 036		44	2.2
1975	2 170		26	1.2
1976	2 312		13	0.56
1977	2 464		1	0.04
1978	2 627		3	0.11
1979	2 800		28	1.00
1980	2 984		32*	
1981	3 180		37	1.16
1982	3 389		32*	
1983	3 612		32*	
1984	3 850		32*	
1985	4 103		32*	
1986	4 373		32*	
1987	4 661	4126	42	0.90
1988	4 967		42	0.85
1989	5 294		39	0.74
1990	5 642		34	0.6
1991	6 013		34	0.56
1992	6 409		42	0.65
1993	6 830		39	0.57
1994	7 279		69	0.94
1995	7 758	6 670	32*	
1996	8 268		32*	
1997	8 812	7 292	32*	
1998	9 392		32	0.34
1999	10 010	7 913	43	0.43
2000	10 668		48	0.45
2001	11 370	10 988	60	0.53
2002	12 118		38	0.31
2003	12 915		45	0.35
2004	13 764		60	0.43
2005	14 669	13 521	78	0.53
2006	15 634		92	0.59
2007	16 662		124	0.74
2008	17 758		94	0.53
TOTAAL			**1486**	0.69 (gemiddeld)

*** Inligting nie beskikbaar en die gemiddelde van 32 gebruik vir berekenings**



Figuur 1: Gemiddelde Wildveilingpryse vir witrenosters vir die afgelope 19 jaar

Foto 2: Renosterbul op 'n wildveiling in KwaZulu Natal.